PROVINSIALE KENNISGEWING 95 VAN 2017

VENTERSDORP/TLOKWE MUNISIPALITEIT NW405

OPENBARE KENNISGEWING AANGAANDE INSPEKSIE VAN DIE VOORMALIGE VENTERSDORP 2016 / 2017 AANVULLENDE WAARDASIEROL EN INDIENING VAN BESWARE DAARTEEN

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 49 (1)(a)(i), saamgelees met Artikel 78(2) van die Wet op Plaaslike Regering; Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna verwys as die "Wet", dat die Aanvullende Waardasierol van die voormalige Ventersdorp Munisipale regsgebied vir die finansiële jaar **2016 / 2017** oop is vir openbare besigtiging te: (1) Eiendomsafdeling by Korporatiewedienste by die kantoor van Mev Nelia Steyn – Van Tonder Singel, Ventersdorp en (2) Dan Tloom Kompleks (Inkomste-afdeling) vanaf **01 JUNIE 2017 tot 10 JULIE 2017.**

In terme van afdeling 49 (1)(a)(i), saamgelees met Artikel 78(2) van die Wet word hiermee 'n uitnodiging gerig aan die eienaars van eiendom, of enige ander persoon wat die begeerte het, om binne bogenoemde periode by die Munisipale Bestuurder beswaar in te dien aangaande enige saak weergegee in, of uitgelaat uit, die Aanvullende Waardasierol binne die voorgeskrewe tydperk.

Aandag word uitdruklik gevestig op die feit dat, in terme van afdeling 50 (2) van die Wet, beswaar aangeteken moet word met betrekking tot 'n bepaalde eiendom en nie teen die Aanvullende Waardasierol as sulks nie.

Die voorgeskrewe beswaarvorm is verkrygbaar by (1) Eiendomsafdeling by Korporatiewedienste by die kantoor van Mev Nelia Steyn – Van Tonder Singel, Ventersdorp en (2) Dan Tloom Kompleks (Inkomste-afdeling), hoek van Wolmarans en Sol Plaatjie laan, Potchefstroom. Die beswaarvorm is beskikbaar teen 'n koste van R10-00 per beswaar. Die voltooide vorms moet na die volgende address gestuur word: Munisipale Bestuurder, Dan Tloom Kompleks, Posbus 113 Potchefstroom of kan per hand ingehandig word by die Eiendoms Afdeling, kantoor van Mev Nelia Steyn, voormalige Ventersdorp Munisipaliteit voor 10 Julie 2017.

Vir enige navrae, skakel Mev Nelia Steyn by 018 264 8500 / 8591 gedurende normale kantoor ure of Mev J Richardson, 018 299 5011 in Potchefstroom.

ONVOLLEDIGE BESWAARVORMS OF BESWARE ONTVANG NA DIE SLUITINGSDATUM VAN 10 JULIE 2017 SAL NIE OORWEEG WORD NIE.

DR NE BLAAI-MOKGETHI
MUNISIPALE BESTUURDER